

SARS VERLANG TEGNOLOGIE OM INKOMSTE-LEKKASIES IN VERBODE TABAKINDUSTRIE TE BEKAMP

Pretoria, Dinsdag 30 April 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n aantal strategiese inisiatiewe onderneem om inkomste-lekkasies te stuit wat spruit uit die onwettige en onetiese praktyke in die verbode ekonomie.

Die verbode ekonomie wat strek van 'n ondergrondse ekonomie wat buite die reëls en regulasies van die land bedrywig is, tot georganiseerde misdaad wat die onwettige handel in produkte insluit.

Suid-Afrika ondervind noemenswaardige verliese in aksynsinkomste as gevolg van 'n wêreldwye toename in die vervaardiging, verskaf en verkoop van verbode aksynsbare produkte. In reaksie op hierdie uitdaging, het SARS 'n proses onderneem om sodanige verbode en nie-nakomingsaktiwiteite te mitigeer deur middel van verbeterde beleid, versterkte prosesse en die gebruik van gevorderde tegnologie om produkte uniek te merk en sodoende die wetstoepassingomgewing te versterk en algehele beheer oor die leweringsketting te verseker.

SARS hoop om sporsingsmerker-tegnologie in die sigaretindustrie bekend te stel, wat die organisasie in staat sal stel om die reis vanaf vervaardigingopstalle na verkooppunte en/of invoer- of uitvoerhandeldrywe te monitor. Hierdie nie-indringende tegnologiese innovasie sal na verwagting die monitor en beheer van regte en belastinge in hierdie industrie 'n aansienlike hupstoot gee.

'n Tender vir die verskaffing van 'n produksiebestuur en 'n nasporingsoplossing vir sigarette is op die SARS-webtuiste gepubliseer.

Die heringestelde verbode ekonomie eenheid by SARS het dadelik weggespring met 'n aantal impakvolle wetstoepassingsaktiwiteite reeds in die openbare domein, terwyl hulle voortgaan met ander nuwe en historiese ondersoeke in die wetstoepassingsdomein.